

Tweede Preek: Lees ook Kolossense 2:6-10

Tema: Hoe kry Christus gestalte in ons lewe ?

Gemeente - God maak in Gen 1 vanaf vers 24 aan ons bekend dat Hy, nadat Hy die diere elkeen na sy eie aard geskape het, die mens as Sy verteenwoordiger - as Sy beeld - geskape het. En in Handeling 17:26 hoor ons: *Uit een mens het God al die nasies gemaak om oor die hele aarde te woon.*

Die mens is dus geskape as beeld van God - en al is die beeld van die mens deur die sondeval geskend en besmet, besit al die mense basiese eienskappe wat ons almal met mekaar in gemeen het! Daar is net een beeld van God waarna die mens geskape is en ons deel almal daarin! En dit is wat van die "mens" 'n "mens" maak!

Die mens is uniek en heeltemaal anders as enige ander skepping van God!

Luister maar gerus weer na Ps. 8 en Ps. 139.

Br en sr - Die basiese ooreenkomste tussen alle mense is in ons denke oor die mens van wesentlike belang, en nie ons oorbeklemtoning van die uiterlike verskille nie!

Dink hier maar net aan wat God deur Paulus aan die christene van die gemeente in Galasië oor die verskille wat daar tussen hulle was, gesê het - ek haal aan uit Galasiërs 3 vanaf vers 26: *Deur geloof in Christus is julle almal nou kinders van God...dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus is almal een.*

Maar in die algemeen is daar ook meer ooreenkomste by die mens, as verskille:

Alle mense het bv. basiese vermoëns en behoeftes, gebruike 'n taal, versoek, het emosies, is kreatief, het 'n verstand, is geestelik, het ideale, het keuses, en nog vele meer...(D.L Hfst 3,4, par.4 en 16, p.602, 607)

En oor alle eeue kom en gaan sekere verskille ook; en sekere gebruike en gewoontes sal bv. Eendag in die lewe hierna glad en geheel nie eers meer bestaan nie.

(Mt 22:30)

Geliefdes - Ons is almal kinders van ons tyd d.w.s. behalwe dat ons denke nog dikwels deur onsondige natuur bepaal word, word ons denke ook deur die huidige tydsgees soos verskillende ideologieë of denkwyses, ons persoonlike agtergrond, asook ons land en sy verskillende volkere se geskiedenis, bepaal.

Ook ons siening van ons medemens in die verskillende geslagte - man en vrou, in ons gesinne, by die skool, by die werk, asook mense uit ander kulture in ons land en in res van Afrika en die wêreld, word baie sterk hierdeur bepaal.

En nou kan juis hierdie siening van die mens, ons verhinder om in dieselfde gesindheid as Christus teenoor ons medemens op te tree!

En so kry Christus in ons gesindheid en optrede teenoor hulle met wie ons moet saamleef en wat deur God oor ons pad gebring word, **nie** gesalte in ons lewe nie!

Geliefdes - Christus het nie hierdie Samaritaanse vrou daar by die fontein opdaag, verstrik geraak in die denke en gebruike van die Jode nie, en ook nie in al die uiterlike en tydelik verskille tussen Hom en haar vasgekyk nie!

Nee, hy het en die eerste plek na haar gekyk as 'n mens wat as beeld van God geskape is ... daarom tree Hy in Sy mensheid ook anders op as wat 'n ander Joodse man van Sy tyd teenoor haar sou optree ... maar ook as God wat aan die mens gelykgeword het, identifiseer Hy met haar!

Soos wat ons in die Hebreër-boek lees - Hfst.2 vanaf vers 11: Jesus was nie skaam om mense van vlees en bloed - *m.a.w. sondaars - Sy broers en susters te noem nie!* En hoekom het Hy dit gedoen? Ons hoor dit in vers 17: *Hy moes in elke opsig - uitgesonder die sonde - aan die mens gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees en hulle sondes voor God kon wegneem!*

Ja, Jesus identifiseer Hom volledig met die mens en verval nie in 'n sondige hoogmoed en skynheilige meerderwaardigheid soos die Fariseër wat in die tempel - met verwysing na o.a. Tollenaar - gesê het: *O God ek dank u dat ek nie soos diewe, bedrieërs, egbrekers en ook nie soos hierdie Tollenaar is nie!*

Al het Jesus mensgeword in die Joodse volk met hulle geskiedenis, tradisies, kultuur en bepaalde godsdienstige gebruike ...en ook as Joodse Rabbi 'n bepaalde status in die samelewing gehad, kon Hy met enige mens uit watter volk of status, Hom identifiseer!

Hoekom? Omdat alle mense oorspronklik as beeld van God geskape is!

En wat het hierdie besondere gesindheid van Jesus teenoor die Samaritaanse vrou voortgespruit?

Bo alles het God se wil daardeur geskied.

Ja dit was nog 'n sigbare teken van die deurbraak van Sy Koningsmag in 'n bouse wêreld waar die Duiwel voortgaan om die mens van God en sy medemens te vervreem.

Ja, 'n verlore mens het die Here leer ken, tot geloof gekom en begin om aan ander van Hom te vertel!

Geliefde br's, sr's en kinders -

Weerspieël jou denke, gesindheid, en optrede teenoor alle mense, werklik jou eenwees met Christus?

Dink jy en tree jy konsekwent vanuit 'n Bybelse mensbeskouing op, ongeag wie die persoon is aan wie jy dink, waaroor jy praat of wat voor jou is?

Kyk jy na die mens as iemand wat geskape is as beeld van God - al is hy of sy ook vasgevang in die mag van die sonde en die duiwel en sy bouse magte?

Of laat jy maar toe dat jou sondige denke, jou persoonlike agtergrond, jou persepsies, jou politieke denke, die geskiedenis van ons land en sy mense, die huidige politieke bedeling en die gevolge daarvan, ens. jou denke, gesindheid en optrede teenoor jou medemens bepaal?

Wat is die gevolge van jou gesindheid en optrede teenoor jou medemens?

Minag jy sy of haar menswaardigheid voor God en werk so mee aan die vernietigingswerk van die sonde en die duiwel en vervreem die mens nog verder van god en van jouself?

Of laat jy God se wil geskied sodat hierdie mens nog meer kan deel in God se genade, barmhartigheid en liefde?

Werk jy so mee dat die Koningsmag van God nog meer sigbaar in 'n wêreld vol boosheid gesien en ervaar kan word...

Bespoedig jy so die Koms van ons Here Jesus Christus?

Laat elkeen van ons vanoggend ... of as ons vandag hier uitgaan ... of in die dae wat kom met hierdie boodskap voor God worstel...

En mag God deur Sy Gees ons lei, bystaan en selfs verander om ook hierin volkome aan Sy wil gehoorsaam te wees!

AMEN